e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

30 Oktober 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 34

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Ekumeniese nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 29 Oktober 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

VOORBLAD

Ons leef onder God se oordeel

Die media berig in hierdie dae dat die wêreld se finansiële instellings sedert die begin van die kredietkrisis meer as £1 800 miljard verloor het. Ook in Suid-Afrika het banke en individue asem opgehou. Voeg daarby die nood waaronder baie van ons mense daagliks leef, en dit raak moeilik om 'n woord van troos te bring. Prof Natie van Wyk van die Raad vir Apostolaat skryf in 2009 se *Bybelse Dagboek* (in die boodskap van 9 Oktober) dat ons opnuut moet leer hoe Christene behoort te leef.

Van ons as Christene word hoë morele standaarde verwag. Wie nie daaraan wil voldoen nie, kan nie verwag om deel van die koninkryk te wees nie. Aangesien ons onder God se oordeel lewe, moet ons aan sy morele verwagtinge voldoen.

Die verwagtinge van die God van die koninkryk is dat ons sekere dinge sal doen en sekere dinge sal nalaat. Wat ons móét doen, is om ander lief te hê. Ons moet Christus se voorbeeld navolg en vir ander opoffer. Dit is nie ons aard en geneigdheid om vir ander op te offer nie. Ons offer gewoonlik net vir ons eie saak op. Wie egter deel van die koninkryk wil wees, sal vir ander móét opoffer. Christene kan dus nie staatmaak op goedkoop genade nie. Ons moet rekening hou met Christus wat van ons sekere dinge, soos opofferende liefde, eis.

Wat van ons verwag word om te laat, is onder andere gierigheid, omdat dit verband hou met afgodery. In ons wêreld waar finansiële sukses tot die groot ideaal van die lewe verhef word, staan ons voor die permanente versoeking om in dié sonde te verval. Selfs die prediking het vandag onder hierdie versoeking te staan gekom. Die sukses- en welvaartsprediking moet krities getoets word aan die vraag of gierigheid – geldgierigheid – nie maar die basiese dryfveer daaragter is nie. Die 'amp van die gelowige' behels die toetsing van die prediking aan die Bybel. Ons moet dus krities vra of die prediking wat beloftes maak dat 'n vroom lewe met finansiële sukses beloon sal word, daarmee versoenbaar is.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in *op e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na **epos@hervormer.co.za** of besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep ontvang

Ds Hannes Janse van Rensburg van Oos-Moot na Zuurfontein.

Beroep aanvaar

Prop Maryke Potgieter na Swartkop (benoeming: bediening in die Verenigde Koninkryk).

Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor **31 Oktober** jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning. Dié aansoeke sal tydens die vergadering van die Kommissie in November oorweeg word. Verslae van ringskommissies speel 'n belangrike rol by die besluitneming van die Kommissie. Alhoewel daar ongeveer 25 beroepafwagtendes is, is almal nie sonder meer beroepbaar na deeltydse en deelversorgingstandplase nie. Sommige beklee goeie betrekkings en kan nie vir 'n klein en ontoereikende traktement op deeltydse basis in 'n gemeente oorleef nie.

Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en 'n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet 'n volledige CV, met verwysings, teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

Vakante standplaas: Gemeente Krugersdorp-Wes

Die gemeente wag aansoeke in van dinamiese predikante met 1 tot 4 jaar ervaring vir hulle **volsorgstandplaas.** Die lidmate woon in 'n radius van ongeveer 5 km. Daar is 263 belydende lidmate (waarvan 87 bo 60 is) en 85 dooplidmate. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Maandag 10 November 2008.** Stuur aansoeke asseblief aan Doug.Musgrove@absa.co.za.

Vakante standplaas: Amsterdam / Piet Retief / Pongola

Aansoeke van predikante/proponente word ingewag vir bogenoemde standplaas. Tans is daar 'n kombinasieooreenkoms tussen Amsterdam en Piet Retief, en 'n samewerkingsooreenkoms met Pongola ten einde 'n **volversorgde standplaas**, met doelmatige pastorie te Piet Retief, te vorm. Die bedieningsarea strek vanaf Kosibaai aan die grens met Mosambiek tot by Sheepmoor (duskant Ermelo), en sluit ongeveer 375 belydende lidmate in (eweredige ouderdomsverspreiding). 'n Gemotiveerde aansoek met besonderhede van referente en 'n volledige CV moet die Beroepskommissie teen **Donderdag 20 November** by fransred@nhk.co.za of Posbus 6, Piet Retief 2380 bereik. Skakel ds Frans Redelinghuys by 083 556 5637 vir meer inligting.

Vakante standplase

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za indien u uitgebreide inligting oor vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za wil plaas.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Wilhelm Steyn** aanvaar op Sondag 2 November emeritaat. Hy lei dan die erediens in Gemeente Verwoerdburg, waar hy en sy gesin jare lank lidmate was. Ds Dries Beukes van die Kommissie van die AKV sal die emeritaatakte oorhandig, ds Frikkie Viljoen sal namens die gemeente 'n groeteboodskap oordra, en ds Jan de Wet namens die Komitee vir Bybelverspreiding en die Bybelgenootskap. Naas sy werk by die Bybelgenootskap as sekretaris in Kerkverband vir 25 jaar, het ds Steyn die gemeentes Losberg, Orkney, Brixton en Bloemhof/Christiana bearbei.

- **Prop Maryke Potgieter,** wat die benoeming by Gemeente Swartkop aanvaar het met die opdrag bediening in die Verenigde Koninkryk, word op Sondag 16 November deur die gemeente ontvang. Sy word as predikant georden en in haar amp bevestig, en lewer daarna haar intreepreek. Sy vertrek weer op 17 November na Londen.

- **Ds Flip Prinsloo** van Gemeente Rustenburg-Kloof het besluit om in Maart 2009 te emeriteer. Die Kommissie van die AKV sal sy aansoek op 13 November behandel.

- **Ds Rita de Kock** van Gemeente Villiers het laat weet dat kwaadwilliges onaanvaarbare boodskappe onder haar naam en selfoonnommer aan mense stuur. Sy vra om verskoning, maar die boodskappe kom nie van haar af nie.

- **Prof Bieks Beukes** het na sy werk as brugpredikant en pastorale hulp in gemeentes 'n memorandum geskryf oor die beter benutting van gepensioeneerde predikante, vir voorlegging aan die Kommissie van die AKV. In opdrag van die Kommissie is die Raad vir Regsadvies besig met dieselfde saak na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat voor die 68ste AKV gedien het oor die moontlikheid dat predikante eers op 70-jarige leeftyd kan emeriteer.

- **Ds Tinus Swart** behartig hospitaalbesoeke aan Hervormde lidmate in Bloemfontein. Lidmate en hul familielede van buite die gebied wat in die hospitaal besoek wil word, kan hom skakel by 083 686 2568/051 522 2616.

- **Ds Gerhard Kruger**, beroepafwagtende predikant, se **vader** is op Woensdag 29 Oktober oorlede na 'n hartaanval. Machiel Andries Kruger het in Junie 60 geword. Hy het vroeër as ouderling gedien in die kerkrade van die gemeentes Primrose en Boksburg. Die Kerk se meelewing word met die familie betuig.

- Op 6 November vertrek **ds Collin Hertzog** en lidmate van sy gemeente, **Middelburg-Noord**, na Harare. Saterdag 8 November word 'n gemeentedag gehou, waarheen al die lidmate vervoer word. Gemeente Middelburg-Noord borg die dag. Nagmaal word op Sondag 9 November in Harare en in die Laeveld gevier. Kosvoorrade en medikasie word saamgeneem, en dr Fanie Pretorius vertrek ook op die 6de van Pretoria af om aan die verrigtinge deel te neem. Hy moet aartappels en uie wat 'n lidmaat van Dendron geskenk het, vir die lidmate in Harare saamneem. Daar word gesoek na 'n 2½-ton bakkie of 'n langbak 1-ton bakkie om te leen. Die voertuig moet in 'n goeie toestand wees. Kan iemand in die omgewing van Pretoria dalk help?

- Met die oog op die beroep van 'n tweede predikant, wil **Gemeente Randburg** graag kennis maak met die Kerk se predikante. Die volgende datums word opsygesit vir besoekende predikante: 21 Desember 2008, 25 Desember 2008 (Kersdiens), 28 Desember 2008 en 4 Januarie 2009. Predikante wat belang sou stel om van hierdie **preekgeleenthede** gebruik te maak, moet die gemeentelike kerkkantoor kontak by 011 787 4983, of Elna van der Walt by ElnaV@nhk-randburg.org.za. Die liturgiese orde, Skrifgedeelte, tema en liedere moet so spoedig moontlik deurgegee word, sodat die multimedia voorbereidings gedoen kan word. Enige navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020 of cjvwyk@nhk-randburg.org.za.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** het besluit om nie dadelik die vakante deeltydse standplaas wat deur ds Johan du Preez beset was, te vul nie. Die gemeente wil eers opnuut na sy bedieningstrukture kyk en strategies beplan saam met die ander gemeentes in Pietersburg.

- Na die vertrek van ds André Swanepoel het **Gemeente Primrose-Oos** besluit om saam met die ringskommissie strategiese beplanning te doen. Die toekomstige bediening van die gemeente en ook ander ringsgemeentes sal moontlik daardeur geraak word.

- **Gemeente Weltevreden** (Roodepoort) vier op Sondag 9 November haar 25-jarige bestaan. By dieselfde geleentheid neem die gemeente ook afskeid van **dr Wouter van Wyk**, wat die sinodale benoeming as Sekretaris vir SENTIK aanvaar het. Dr Van Wyk was die afgelope 16 jaar deeltyds predikant van die gemeente. Die verrigtinge begin om 11:00 met dr Van Wyk se afskeidspreek en die gemeente se Nagmaalviering saam met die ander predikante van die gemeente, dr Johann Beukes en ds Elsie Pretorius, en 'n vorige predikant van die gemeente, dr Kobus van Biljon. Na afloop van die erediens hou die gemeente saam spitbraai op die terrein. Oudlidmate en ander belangstellendes word genooi om die geleentheid by te woon, maar moet asseblief nou reeds met diaken Ria J van Rensburg kontak maak, omdat die gemeente moet weet vir hoeveel gaste hulle moet gereedmaak. Ria se kontaknommers is 011 679 3830 en 083 302 0858.

- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus hou ’n opwindende **Kersmark** op Saterdag 8 November by die kerk in Dudu Madishastraat 114. Houtwerk deur die gemeente se houtwerkgilde, juweliersware, naaldwerk, kerse en honderde ander Kersgeskenke word eet-eet aangebied. Skakel 082 821 6873 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Nelspruit** hou op Saterdag 31 Januarie 2009 die vierde **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat. Dit is in die hoogseisoen van die maroela en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besondere inheemse vrug. Ons begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees met ’n dag vol pret en plesier. Toegang is gratis. Verskeie maroelaprodukte gaan uitgestal en te koop wees, soos velsorgprodukte, geregte om aan te proe, maroelaresepteboeke en veredelde boompies. Kontakpersoon: Almarie van Rooyen 083 465 7902.

- Die studentegemeente **Philadelphia** nooi al die 2009-eerstejaars van die Universiteit van Pretoria om deel te wees van ’n opwindende **Eerstejaarskamp**. Dit vind plaas van 10 tot 15 Januarie 2009 te Kwaggasrus naby Brits. Teen slegs R595 vir ses dae kry ’n eerstejaar ’n voet in die deur om nuwe vriende te ontmoet, ’n geestelike tuiste te vind en blitsvinnig deel van die kampuslewe te word. Ons kamp bly die goedkoopste op kampus wat die meeste waarde vir geld bied! Alle eerstejaars aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie word ook hartlik uitgenooi om die kamp mee te maak. Kontak Rina by 072 416 8768 of Jean by 083 290 6191 vir meer besonderhede.

- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word aanstaande jaar op ’n Eerstejaarskamp verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Dit vind plaas vanaf 13 tot 16 Januarie 2009 by Serube Sa Phakwe. Meer besonderhede is na gemeentes van die Kerk gestuur en kerkrade word versoek om dit aan die jongmense bekend te maak. Ds Rudi Denton kan ook geskakel word by 018 294 3509 of 082 459 9710. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.

- **Eerstejaarstudente van Stellenbosch** word genooi na ’n kamp van Saterdag 17 Januarie 13:00 tot Woensdag 21 Januarie 11:00. Dit is die beste manier om vinnig vriende te maak en jou omgewing en Kerk te leer ken. Die koste is R300 vir die vier dae, alles ingesluit. Kontak asseblief vir ds Chris le Roux by 082 905 0818 / 021 887 2685, of vir Paul van der Merwe by 072 317 9784.

ANDER NUUS

- **Die Raad van Finansies** vergader op Vrydag 31 Oktober vir sy laaste vergadering van die jaar. Woensdag 29 Oktober en Donderdag 30 Oktober was die jaarlikse begrotingsdae, waarop die verskillende afdelingshoofde hulle begrotings vir 2009 aan die Raad voorgehou het. Die Kommissie van die AKV moet by sy vergadering op 14 November die begroting van die Raad van Finansies behandel en goedkeur.

- Die Kommissie van die AKV wag steeds kommentaar in van ouderlingevergaderings en ringskomitees vir predikante oor sy memorandum ***Diversiteit in die Kerk***.

- Die Moderamen voer op Saterdag 29 November gesprek met die Moderamen van die **MRCC**. Dit is die eerste gesprek na afloop van die 68ste AKV.

- Die Moderamen het dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, versoek om op 5 Januarie 2009 by die amptelike opening van die **Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke** in Potchefstroom namens die Hervormde Kerk en die Kommissie ’n groeteboodskap oor te dra. Predikante van Potchefstroom sal versoek word om die Sinodesitting om die beurt as waarnemers by te woon.

- Die **Raad vir Ekumene** het sy studiestuk oor die WARC en apartheid gefinaliseer. Nadat die Kommissie van die AKV die studiestuk by sy vergadering op 13 en 14 November behandel het, sal dit aan ouderlingevergaderings en ringskomitees vir predikante gestuur word vir kommentaar.

- Dit is ’n besluit van die AKV dat predikante die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** elke jaar moet bywoon. Die tema vir die 2009-kursus is persoonlike vaardighede, soos onder andere konflikhantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie. Die datums vir 2009 is **2-3 Junie** en **10-11 November**, en die kursus word weer by Gemeente Villieria aangebied. Die koste beloop R290.

- Die **NHSV hoofbestuur** hou op **Saterdag 1 November** 'n opvolgwerksvergadering na aanleiding van die strategiese beplanning van 2007. Dit vind plaas van 08:30 tot 13:00 in die vergadersaal van die Emily Hobhouse-dienssentrum by Malherbestraat 55, Capital Park, Pretoria. Die strategie en aanbieding van die streekbyeenkomste van 2009 sal tydens die vergadering beplan word – dit was een van die aksiestappe van die strategiese beplanning.

EKUMENIESE NUUS

Kerkgenootskappe striem Zimbabwe



Kerkgenootskappe van oor die wêreld het hulle kommer uitgespreek oor die verslegtende humanitêre krisis in Zimbabwe na afloop van die kontroversiële herkiesing van Robert Mugabe as president van die land. 'n Vergadering van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het gepleit vir ekonomiese sanksies teen Zimbabwe in die hoop dat dit Mugabe se greep op mag sal verminder. Ander kerkgenootskappe het ook gepleit vir 'n opheffing van Zimbabwe se verbod op die teenwoordigheid van humanitêre hulpverleningswerkers in dié land.

In 'n brief wat onderteken is deur die Wêreldraad van Kerke, die Wêreldbond van Reformatoriese Kerke en ander internasionale liggame, het Christenleiers onder andere gesê: *We are appalled by reports of continuing violence in many parts of the country… All forms of violence and torture must cease immediately in order to provide an environment truly conducive for peaceful negotiations.* Die onderhandelinge waarna die brief verwys, is die voormalige Suid-Afrikaanse president, Thabo Mbeki, se pogings om 'n onderhandelde skikking tussen die verskillende politieke partye te bemiddel waardeur 'n oorgangsregering tot stand sal kom.

Die kerkleiers het ook gesê dat, ten spyte van die uitkoms van die onderhandelinge, die situasie in Zimbabwe neerkom op 'n *moral challenge to all Africans and it presents a critical test of the effectiveness of the institutions that have been created to promote peace, democracy, political stability and economic prosperity in Africa.*

Uit: *REC News Exchange,* Vol 45, Nr 9, September 2008

KOMMENTAAR

Geagte Redakteur

Dankie vir die *e-Hervormer.*

Ek vind veral die opskrifte en vetdruk lees besonder moeilik, al vergroot ek dit tot 100%. Oorweeg asseblief die moontlikheid om 'n ander lettertipe te gebruik wat makliker lees. Ek sien die lettertipe is Franklin Gothic Book, wat ek self vermy met my werk, om dié probleem te oorbrug. Arial, byvoorbeeld, gee geen leesbaarheidsprobleem met vetdruk nie. Ek doen dit maar aan die hand ter wille van die saak, want nadat ek 'n dag se werk met die rekenaar gedoen het, is my oë nie meer lus om met swaarlees te sukkel nie. Ek slaan dan die goed net oor, en dit verydel die doel van die hele saak en 'n klomp moeite is verniet gedoen.

Ek weet nie wat ander lesers se kommentaar is nie, maar ek geniet dit om laataand te sien wat in die Kerk aangaan of nie aangaan nie. Die *e-Hervormer* is 'n skerp stuk gereedskap, ons moet hom net reg slyp.

Kobus Müller

(Ons voldoen graag aan die versoek. Lesers kan gerus laat weet of die ander lettertipe die lees vir hulle vergemaklik. – Red)

****

Geagte Redakteur

Gemeente Letsitele wil asseblief steeds ingeteken bly op die *e-Hervormer*. Baie dankie vir 'n puik tydskrif.

Janine

ADVERTENSIES

- **Gemeente Turffontein** het ’n vakature vir ’n **orrelis.** Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met ’n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 indien u meer inligting benodig.

- **Gemeente Kempten** het ’n vakature vir ’n **orrelis**. Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met ’n volledige CV kan per e-pos gestuur word na egf@global.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Jan du Toit, by 011 976 3500 / 082 924 4645 indien u meer inligting benodig.

- **Gemeente Lydenburg** versoek Hervormde lidmate met gepaste ervaring (teologies, sielkundig, pastoraal, onderwys, ens) en wat belangstel om as **Jeugwerker** by die gemeente en die plaaslike laerskool betrokke te raak, om in verbinding te tree met Willie Botha by 082 786 3458. Die vergoeding word deur die skool en die gemeente behartig. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Donderdag 20 November.**

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)** hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur ’n epos aan toibo@nhk.co.za.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse/lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer daarvoor. Die lenings/beurse wissel van R500 tot ’n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

- **Oorwinningskinders** is ’n projek van die Algemene Diakensvergadering (ADV). Hierdie groep jong Hervormers hou konserte om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.

- Die NHSV hoofbestuur stel met trots bekend die uithaler resepteboek ***Smul met smaak***. ’n Groot verskeidenheid heerlike resepte is saamgestel deur Maryna Loots, wat in eie reg ’n bobaas bakster is. Baie ander dames het ook resepte ingestuur. Dit is ’n pragtige Kersgeskenk wat u met die grootste vrymoedigheid aan familie en vriende kan gee. Stel die boek asseblief ook in u gemeentes bekend. Kontak Jeanette Fourie by die NHSV kantoor 012 325 0117 of 082 429 1565 om bestellings te plaas. Die prys is R100.

- Daar is ’n **tuinwoonstel te huur in Rietondale**, Pretoria vanaf 1 Desember 2008. Dit is reeds beskikbaar op 19 November, en is slegs vir ’n enkelpersoon werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Dit is geleë digby universiteite, Brooklyn en die middestad. Die enkelkwartiere bestaan uit kombuis/woon-/slaapvertrek met badkamer en oop stoep en met onderdakparkering. Geen troeteldiere word toegelaat nie. R1 800 per maand, water en ligte ingesluit. ’n Deposito van R1 800 is betaalbaar. Vir meer inligting, kontak dr Jan Oberholzer by jan@nhk.co.za of 082 851 1081, alle ure.

- **Op pad Kaap toe in Desember?** Dan is **De Voor Gasteplaas** by **Colesberg** ’n moet! ’n Nag se oorstaan of sommer ’n volbloed uitspan kan die lang pad baie korter maak. Kom geniet armsvol weelde in die Bo-Karoo by Christa en Andries Breytenbach. Tel 012 348 1003, 072 401 5464 of 051 753 1377 (laasgenoemde gedurende die vakansie).

In ons hande

Prof Piet Geyser, redakteur van *Die Hervormer,* skryf in sy redaksionele berig in die November-uitgawe soos volg:

Die woorde van Psalm 115: 16 wat op die voorblad afgedruk is, laat 'n mens klein word voor die verantwoordelikheid wat daarin opgesluit is:

> *Die hemel is net vir die Here,*
> *maar die aarde*
> *het Hy aan die mense gegee.*

Soos in die een skeppingsverhaal, het die mens die opdrag gekry om die aarde te bewoon en te bewerk en om te heers oor die visse en die voëls en al die diere van die aarde. In ons tyd het dit 'n baie ernstige vraag geword wat die mens met hierdie opdrag en voorreg gemaak het.

Om God as Skepper te bely en daarmee saam die besondere rol wat aan die mens as God se verteenwoordiger gegee is, het diepgrypende etiese implikasies. Met die skepping waaroor God gesê het *dit is goed*, moet ons kon verwag en eis dat die mens ook daarmee op so 'n manier sou omgaan dat gesê kan word: *Dit is goed!* Waarom? Omdat God, wat die Skepper is, ook die Eienaar is. Die aarde en alles daarop behoort aan God. Die beskeie wete wat alles behoort te deursuur, is dat die mens as tydelike rentmeester oor die skepping aangestel is.

Miskien is dit 'n tragiese feit dat die Kerk in die algemeen te min en te laat aan hierdie baie belangrike deel van ons roeping aandag gegee het. Kan dit wees dat hierdie ernstige bedreigings waaraan die natuur blootgestel is en dat die Kerk so min aandag daaraan gegee het, daaraan te wyte is dat die saak van verantwoordelike omgang met die natuur nie binne die gesigveld van ons godsdiensbeoefening geval het nie?

*** Die betrokke uitgawe fokus op die mens as rentmeester. Daar is 'n insiggewende artikel deur prof Johan Buitendag oor *Die toekoms van die planeet aarde,* en dr Christo Pretorius skryf oor die impak van klimaatsverandering. In die middelbladartikel berig ds Etienne Fourie oor die goeie werk wat gedoen word deur die Southern African Faith Communities' Environment Institute (SAFCEI).

Teken gerus in op ons Kerk se amptelike mondstuk, of enige van ons ander publikasies.

Die pryse vir die publikasies vir 2009 is soos volg:

Almanak en Bybelse Dagboek	R90
Konteks (10 uitgawes per jaar)	R110
Die Hervormer (11 uitgawes)	R70

Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za.